


Impak van veranderinge soms eers na jare bekend!

Januarie 2023



<https://www.hse.gov.uk/comah/chevron-pembroke-report-2020.pdf>

Fig 1. Original Flows. Some Amine lost to Slop Unit

Op die 2 de Junie 2011, het 'n tenk ontplof by 'n rafinadery in Brittanje. Vier werkers van 'n kontrakteurs maatskappy is dood en een beseer. Die krag van die ontploffing het die tenk se bokant wat 5-ton weeg 55-meter ver gegooi en naelskraap 'n sfeer met hoogs vlambare butaan onder druk gemis. Die oorsaak van die ontploffing was 'n vlambare mengsel in die damp spasie van die tenk, waarskynlik ontsteek deur 'n statiese vonk.

Ongeveer 10 jaar voor die ongeluk het die maatskappy 'n verandering gemaak aan die Amien Herwinnings Eenheid (AHE). Die amien is herwin uit die afval hidrokoolstof stroom vanaf die fakkelt uitkloppot en teruggesit per pyplyn na Tenk 302, eerder as om dit te vernietig saam met die res van die stroom. Hierdie verandering is destyds nie gedokumenteer nie. Die verandering het veroorsaak dat vlambare hidrokoolstof in Tenk 302 akkumuleer en bo-op die amien dryf. Sommige operateurs het geweet van die gevaar en so nou en dan vlambare vloeistof wat akkumuleer in tenk 302 gedreineer.

Op 2 Junie, 2011 is Tenk 302 gereedgemaak vir instandhouding. Die instruksies vir dreinerings van vlambare vloeistowwe is nie gevolg nie en die tenk se dreinerings sisteem is nie korrek gebruik nie. 'n Vakuüm suig-trok is gebruik om Tenk 302 deur die mangat leeg te suig toe die ontploffing plaasgevind het. 'n Nie-geleidende rubber pyp is gebruik. Dit het waarskynlik statiese elektrisiteit veroorsaak wat die vlambare gas in die tenk ontsteek het. Die werkspermit wat uitgereik is vir die skoonmaak van die tenk het nie melding gemaak of voorsorg getref vir die moontlikheid van vlambare damp nie.

Het jy geweet?

- Die element: Bestuur van verandering (MOC) is altyd deel van 'n Proses Veiligheids Sisteem en in sekere lande deel van hulle wetgewing.
- Van die grootste ongelukke in ons industrie het gebeur omdat 'n verandering onverwagte negatiewe effekte op die proses gehad het.
- Enige verandering aan toerusting, chemikalieë, tegnologie sowel as bedryfs en instandhoudingsprosedure vereis behoorlike risiko analise en formele goedkeuring.

Wat kan jy doen?

- Wees op die uitkyk vir veranderinge wat miskien nie aangeteken of op tekening gemerk is nie, soos byvoorbeeld pype wat verander is, kondisies soos temperatuur of druk, ens.
- Wees bedag vir die impak van inkrementele veranderinge. Die effek van veranderinge wat nie bestuur word nie kan subtiel wees en vir jare nie opgemerk word nie.
- Volg die prosedures om veranderinge te bestuur noukeurig. Sommige maatskappye se prosedures verskil vir verskillende tipe veranderinge.
- 'n Bedryfsprosedure word dalk opgedateer as gevolg van 'n verandering. Lees dit versigtig en moenie voortgaan voor jy die prosedure verstaan nie.

Enige verandering aan 'n proses moet bestuur word!